Hoërskool Die Wilgers

www.hswilgers.co.za

Posbus 72648, LYNNWOODRIF 0040
Tel. (012)807-5229 Faks.: (012)807-2693 / (086)654-0980)
hswilgers@hswilgers.co.za & admin@hswilgers.co.za

Wilgers 2017 Wiskunde Kleingroepe

Liewe Ouer

Soos u as ouer bewus is, speel Wiskunde 'n deurslaggewende rol in die toegangklikheid tot naskoolse studies.

Hoërskool Die Wilgers spreek hierdie behoefte tot goeie Wiskundeprestasie, innoverend aan deur die aanbieding van Wiskunde Kleingroepe deur **Me Annie Bothma (082 3771896)**. Hierdie sisteem funksioneer reeds vir die afgelope 6 jaar by die skool en lewer uitstekende resultate! Die skool bied dit dus as 'n opsie vir u kind vanaf gr 8 - 12.

Die Wiskunde Kleingroepe behels 'n kombinasie van persoonlike aandag in klein groepe tydens klasperiodes en naskoolse hulp deur ekstra klasse en funksioneer as volg:

- Hoogstens 20 leerders per kleingroep. Leerders kry die geleentheid om aansoek te doen en groepe word gevul op 'n "first come, first served" basis.
- Leerders in die Kleingroepe volg dieselfde sillabus, doen dieselfde portefeulje werk en skryf dieselfde toetse en eksamens as die leerders in die hoofstroom Wiskunde.
- Ekstra klasse word soggens van 6.30 - 7.30 en smiddae van 2 – 3 aangebied en leerders van die kleingroepe kan soveel van hierdie klasse bywoon as wat hulle benodig.
- Verskeie eksamen klasse van 2 tot 3 ure word aangebied vir elke kleingroep ter voorbereiding van elke eksamen vraestel wat geskryf word.
- 'n Fooi van R570 per maand per leerder wat deel word van 'n kleingroep, word gehef.
- U moet ook u kind se Notaboek en Antwoordboek aankoop in Januarie.
- Kontinuïteit en kwaliteit in aanbieding van Wiskunde van gr 8 – 12 word met die Kleingroepe verseker.
- Die tradisionele "ekstra klasse" teen hoër kostes, by 'n privaat tutor is dus nie nodig nie.

Stuur u kind se Naam en Van, u as ouer se Naam en Van asook u kontaknommer aan Mev Annie Bothma per sms by 082 3771896 of per e-pos by bothmaa@hswilgers.co.za indien u belang stel om u kind by die gr 8 Wiskunde Kleingroep vir 2016 te laat inskakel.